Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2016

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

*AFRHL3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (25 x 2) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer 70 (35 x 2) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde

1.1 **'n Selfoonoomblik wat ek vir altyd wil bewaar.** [50]

1.2 Só lyk my Nuwejaarsvoornemens [50]

1.3 Gee Afrikaanssprekende ouers hulle kinders regtig 'n voorsprong deur hulle in Engels te laat skoolgaan? [50]

1.4 **"'n Kamer sonder 'n boek is soos 'n liggaam sonder 'n siel."**
***~Cicero~*** [50]

1.5 **My gunsteling geluide** [50]

1.6 Ma en Pa, julle maak ons gek! [50]

Kopiereg voorbehou 

1.7 Bestudeer die prikkels hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN van die volgende prente. Skep jou eie titel.

1.7.1



[Uit: GettyImages] **[50]**

1.7.2



[Uit: www.dreamstime] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180–200 woorde oor elk.

2.1 **BRIEF AAN DIE PERS**

Talle ouers moet aan die begin van 'n nuwe skooljaar hulle hande diep in hul sakke steek vir skooldrag wat jaar na jaar duurder word.

Skryf 'n FORMELE BRIEF aan die pers waarin jy as leerder op die bostaande stelling reageer. **[25]**

2.2 **TYDSKRIFARTIKEL**

Die lewe behandel 'n mens soms stief en laat jou moed verloor. Maar diegene met durf en deursettingsvermoë haal uiteindelik die paal.

Skryf 'n ARTIKEL vir jou skoolkoerant waarin jy tieners motiveer om nie tou op te gooi nie. **[25]**

2.3 **HULDEBLYK**

Een van jou skoolmaats aan wie jy baie geheg was, het onlangs tragies in bendegeweld omgekom. Jy moet die huldeblyk oor hom/haar by die begrafnisdiens lewer.

Skryf die HULDEBLYK. **[25]**

2.4 **TOESPRAAK**

In sommige skole word daar nie hoofleiers gekies nie, maar leerders doen aansoek om sulke posisies.

As huidige hoofleier word jy gevra om die senior leerders by jou skool toe te spreek waarin jy hulle aanmoedig en motiveer om aansoek te doen.

Skryf die TOESPRAAK wat jy gelewer het. **[25]**

2.5 **INFORMELE BRIEF**

Jy is baie beïndruk met die werk wat ŉ gemeenskapsleier in jou omgewing doen om kinders, uit veral voorheen benadeelde groepe, opgewonde te maak oor lees.

Skryf ŉ INFORMELE BRIEF van gelukwense waarin jy dié persoon gelukwens met sy/haar sukses. **[25]**

2.6 **KOERANTBERIG**

ŉ Liggaamlik gestremde matrikulant in jou omgewing het sy matriek, ten spyte van baie struikelblokke, met vlieënde vaandels geslaag.

Skryf die KOERANTBERIG wat in die koerant verskyn het. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou